Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- ***1 Petrus 2:5***

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Lewende Stene

Jy is ingemessel

OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)
Sê vir die Here dankie vir julle groep en dat julle saam deel van die familie van God kan wees.

KOM ONS BEGIN

Deel met mekaar iets van die herkoms van julle familie
Deel met mekaar iets van jou rol n jul gesin of familie.

Rolle-boom

- Laat elkeen ‘n boom teken met wyd verspreide takke.
- Gee vir elkeen in die gesin, familie of groep ‘n tak met sy/haar naam op.
- Vir elke rol wat elk speel of bydrae teken jul ‘n vrug aan sy/haar tak.
- Kyk bietjie hoe lyk die vrug verspreiding – wat sê dit vir julle oor die rolle?
- Teken nou ‘n nuwe boom met nbuwe takke en gee nuwe rolle soos nodig.

Dink bietjie na oor ons teks vir die reeks:
1 Petrus 2:5

Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
1 Petrus 2:5

KOM ONS LEES

Gen 1:27-28

27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man
en vrou het Hy hulle geskep.
28 Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en
bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook
oor die diere wat op die aarde kruip.”

Lees ook Deut 6

6 *“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly.* 7 *Jy moet dit inskerp*
by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan
slaap en as jy opstaan. 8 *Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet*
'n merk op jou voorkop wees. 9 *Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.*

INHOUD & GESPREK

Deel met mekaar jou grootste vreugde van jou gesin waarin jy groot geword het asook jou grootste teleurstelling.

Ons het ook ‘n geestelike gesin op aarde. Soos **Calvyn** dit gesê het: “Elkeen wat God as VADER in die hemel het, het die kerk as MOEDER hier op aarde”.

As ons nou kyk na Gen 1 en Deut 6, wat is ons primere rol as ambassadeurs van God teenoor ons gesin of familie (ook geestelike familie)?

_____

_____

_____

Ons weet dat ons gesinne nie volmaak is nie. God maak ons gesin veel groter as net ons eie familie. Hy noem Homself ons ontfermende Vader. Ons is Sy kinders en mekaar se boeties en sussies. God funksioneer in eenheid (Drie Eenheid) en liefde. Hoe kan ons beter liefde uitleef deur die rolle wat ons beklee en inneem in ons gesinne, families en groep om mekaar te help en op te bou?

_____

_____

_____

VERDERE GESPREK OF NADENKE

Om ambassadeur van God te wees vra “commitment”, toewyding en volharding.

Lees Hebr 10:25

25 *Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

- Wat sê die gedeelte vir jou?

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg vanuit die eredienste van Sondag in ons kampusse?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

MAAK VAS

God gee ons tyd, “talents” en “treasures” om daarmee my deel as groter deel van Sy gemeente te doen.
Om so ‘n rol te vervul is ‘n voorreg, besondere geleentheid tot seën, en fantastiese geleentheid tot groei. Maak so die beste gebruik van elke geleentheid.

_____

_____

_____

Gebed
Dankie Heer dat ons elkeen belangrik is in U oë. Dat elkeen gawes het, talente het en middele het om die liggaam as geestelike familie van mekaar te help uitbou. Datnkie dat U my raaksien en lei waar en hoe om my rol te speel vir U.

Amen

NOTAS